

# SA's Leading Past Year

## Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ [www.saexampapers.co.za](http://www.saexampapers.co.za)





# **VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

## **2023**

### **NASIENRIGLYNE**

**GESKIEDENIS (VRAESTEL 2) (10792)**

26 bladsye

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke word gebruik om brongebaseerde vrae te ontleed.

Kognitiewe vlakke	Historiese vaardighede	Gewig van vrae
<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek bewyse uit bronne</li> <li>• Selektoring en organisasie van relevante inligting uit bronne</li> <li>• Definieer historiese konsepte/terme</li> </ul>	<b>30% (15 punte)</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Interpretasie van bewyse uit bronne</li> <li>• Verduidelik inligting wat uit bronne versamel is</li> <li>• Ontleed bewyse uit bronne</li> </ul>	<b>40% (20 punte)</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Interpreteer en evalueer inligting en bewyse uit bronne</li> <li>• Raak betrokke by bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel</li> <li>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings</li> </ul>	<b>30% (15 punte)</b>

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- In die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet aan enige ander geldige en relevante standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde gegee word.
- In die toekenning van punte moet klem geplaas word op hoe die vereistes van die vraag aangespreek is.
- In dié nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede wat aangespreek moet word) asook die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

1.3 Assesseringsprosedure vir brongebaseerde vrae:

- Gebruik 'n regmerkies (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die punteskema bv. (2 x 2) wat na twee redes verwys wat elk twee punte kry (✓✓✓✓); (1 x 2) wat na een rede verwys en twee punte kry (✓✓).
- As 'n vraag 4 punte tel, dui dan aan deur 4 regmerkies te plaas (✓✓✓✓).

## Paragraafvraag

Paragraawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en struktuur van die paragraaf moet in ag geneem word wanneer 'n punt toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag aan te spreek.
- Lees weer die paragraaf om te evalueer tot watter mate die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om 'n paragraaf te skryf.
- Dui aan die einde van die paragraaf die aantal regmerkies (✓) aan wat die kandidaat vir die paragraaf ontvang het; asook die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en lewer 'n kort opmerking, bv.

\_\_\_\_\_ • \_\_\_\_\_ • ✓✓✓✓  
 \_\_\_\_\_ • \_\_\_\_\_

VLAK 2 = 4

*Gebruik meestal relevante bewyse om 'n basiese paragraaf te skryf*

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vraag op en skryf dan die punt op die onderste kantlyn regs, bv.  $\left(\frac{32}{50}\right)$
- Maak seker dat die totale punt akkuraat na die voor-/buiteblad van die antwoordboek langs die korrekte vraagnommer oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te struktureer. Hulle moet die relevante inligting kies, organiseer en saamvoeg sodat hulle 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument kan aanbied om die vraag wat gestel word, te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n gevolgtrekking het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarvan bewus wees dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die nasienriglyne wat voorsien is.
- Kandidate kan enige ander relevante inleiding en/of gevolgtrekking hê as dié wat by 'n spesifieke opstel nasienriglyn vir 'n spesifieke opstel ingesluit is.

### 2.3 Globale assessering van die opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt, sonder om die dele afsonderlik aan te teken. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening te bied deur geselekteerde feitelike bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om bloot 'feite' te heroorweeg om 'n hoë punt te behaal **nie**. Hierdie benadering ontmoedig leerders om 'model' antwoorde voor te berei en hulle te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag te oorweeg. Holistiese assessering van die opstel gee krediet aan leerders se menings wat ondersteun word deur bewyse. Holistiese assessering, in teenstelling met inhoudsgebaseerde assessering penaliseer nie taal tekortkominge nie maar plaas klem op die volgende:

- Die konstruksie van die argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om so 'n argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

### 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.


2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui deur 'n kolletjie in die nasienriglyn), die belangrikste aspekte/liggaam van die opstel wat die lyn van argument aandui (ook aangedui deur kolletjies in die nasienriglyn) en 'n relevante gevolgtrekking ook aangedui deur kolletjies in die nasienriglyn. Byvoorbeeld, in 'n opstel waar daar vyf (5) hoofpunte is, kan daar ongeveer sewe (7) regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte die nasien van 'n opstel.

<b>P</b>	<b>Punt:</b> Die kandidaat stel die opstel bekend deur 'n argumentslyn duidelik te stel/ 'n belangrike punt te maak. Elke paragraaf moet 'n punt insluit wat die hoofgedagte (argumentslyn) onderhou wat in die inleiding bekendgestel is.
<b>E</b>	<b>Verduideliking:</b> Die kandidaat moet in meer detail verduidelik waaroor die hoofpunt gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gestel word (lyn van argument).
<b>E</b>	<b>Voorbeeld:</b> Kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te kies wat relevant is vir die argumentslyn. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argumentslyn te onderhou.
<b>L</b>	<b>Skakel:</b> Kandidate moet verseker dat die argument regdeur die opstel volgehou word en samehangend geskryf word.

2.4.4 Die volgende simbole **MOET** gebruik word in die assessering van 'n opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en gevolgtrekking nie behoorlik gekontekstualiseer nie
- Verkeerde stelling
- Irrelevante inligting
- Herhaling
- Analise
- Interpretasie
- Argumentslyn



## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die analitiese matriks in die nasien van opstelle:

In die nasien van opstelle moet die kriteria soos voorsien in die matriks gebruik word. By die beoordeling van die opstel, let op na die inhoud en aanbieding. By die kruispunt van die inhoud en aanbieding gebaseer op die sewe bevoegdheidsvlakke, moet 'n punt toegeken word.

- (a) Die eerste deurlees van opstelle sal wees om te bepaal tot watter mate die hoofaspekte gedek word en om die **inhoudsvlak** (op die matriks) toe te ken.

I	VLAK 4	

- (b) Die tweede deurlees van opstelle hou verband met die vlak (op die matriks) van **aanbieding**.

I	VLAK 4	
A	VLAK 3	

- (c) Ken 'n algehele punt toe met die gebruik van die matriks.

I	VLAK 4	} 26 – 27
A	VLAK 3	

### OPMERKING

Sommige weglatings in inhoudsdekking  
Pogings om 'n argument te handhaaf

**Globale Assessering van Opstelle: Totale Punte: 50**

	<b>VLAK 7</b>	<b>VLAK 6</b>	<b>VLAK 5</b>	<b>VLAK 4</b>	<b>VLAK 3</b>	<b>VLAK 2</b>	<b>VLAK 1*</b>
<b>AANBIEDING</b> →	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse.	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.	Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
<b>INHOUD</b> ↓							
<b>VLAK 7</b> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is.	<b>47 – 50</b>	<b>43 – 46</b>					
<b>VLAK 6</b> Vraag is beantwoord. Inhoudskeuse relevant tot argument wat gevolg is.	<b>43 – 46</b>	<b>40 – 42</b>	<b>38 – 39</b>				
<b>VLAK 5</b> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.	<b>38 – 39</b>	<b>36 – 37</b>	<b>34 – 35</b>	<b>30 – 33</b>	<b>28 – 29</b>		
<b>VLAK 4</b> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud.			<b>30 – 33</b>	<b>28 – 29</b>	<b>26 – 27</b>		
<b>VLAK 3</b> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				<b>26 – 27</b>	<b>24 – 25</b>	<b>20 – 23</b>	
<b>VLAK 2</b> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					<b>20 – 23</b>	<b>18 – 19</b>	<b>14 – 17</b>
<b>VLAK 1*</b> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.						<b>14 – 17</b>	<b>0 – 13</b>

**Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir Vlak 1:**

- Vraag glad nie aangespreek nie/heeltal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Antwoord sluit basiese en oor die algemeen irrelevante inligting; in geen poging om die opstel te struktureer nie. = 1 – 6
- Vraag onvoldoende aangespreek en vaag; min poging om die opstel te struktureer = 7 – 13



**VRAAG 1: HOE HET DIE VAKBONDE APARTHEIDSWETTE IN DIE 1980's UITGEDAAG?**1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Om ooreenkomste te soek tussen die belyning van die arbeidersbeweging met die politieke stryd van die meerderheid. (1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Die dood in aanhouding van Neil Aggett (1 x 1) (1)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Food and Canning Workers Union (FCWU)
- Federasie van Suid-Afrikaanse Vakbonde (FOSATU) (2 x 1) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- FOSATU, GAWU en die UDF het saamgewerk om studente se griewe uit te lig.  
(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

1.1.5 *[Definisie van 'n historiese konsep in Bron 1C – V1]*

- 'n Metode van protes deur nie sekere winkels te ondersteun nie/by sekere winkels te koop nie/ Weier om by sekere winkels te koop.
- Gemeenskappe ondersteun/koop nie by geïdentifiseerde besighede in wit besit nie.  
(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

1.2 1.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Dit beteken die vakbond is bereid om te veg teen die ongeregtighede en euwels van die samelewing wat deur apartheid geskep is.
- Die vakbond is bereid om te veg vir bevryding/gelykheid/vryheid van Suid-Afrika.
- Die vakbond is bereid om te veg vir beter lewens- en werksomstandighede.  
(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)



1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1B – V2]*

- Dit verwys na die Driekamer-parlement/konstitusie
- Koornhoff-wette/Nuwe Bedeling
- Hervormings/ veranderinge wat deur Botha ingestel is as 'n manier om aan die Kleurlinge en Indiërs verteenwoordiging in die parlement te gee.
- Grondwet van 1983 wat swartes uit die Driekamer-parlement gesluit het
- Swart mense was ontevrede met die Wet op Swart Plaaslike Owerhede – het swart mense die indruk gegee dat hulle in beheer van hul eie sake is.

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- Skietvoorvalle
- Verbannings
- Tronkstraf

(3 x 1) (3)

1.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- Betaal hoë huurgeld
- Betaal onrealistiese elektrisiteitsrekeninge
- Betaal duur vir vervoer
- Woon in oorvol huise
- Nie genoeg huise nie

(enige 2 x 1) (2)

1.2.5 *[Evaluering van die betroubaarheid van inligting uit Bron 1B – V3]***DIE BRON IS BRUIKBAAR WANT:**

- Dit is 'n direkte toespraak (primêre bron) deur Samson Ndou, die Unie-verteenvoorder/bemiddelaar wat die lot van werkers ken.
- Dit is 'n toespraak van 'n werker wat eerstehandse ondervinding het van die werksomstandighede in die fabriek.
- Die spreker in die bron is 'n swart gemeenskaplid wat eerstehands die sosiale ongeregtighede van lae lone en 'n gebrek aan behuising in townships ervaar het.
- Die bron gee die datum, 20 Augustus 1983, die datum waarop die toespraak gelewer is wat dit 'n primêre bron maak.
- Die bron word ondersteun deur Bron 1C wat die griewe van werkers in die 1980's noem.

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Om lede in te lig oor hul veldtog om vir werkers se regte te veg.
- Om die publiek bewus te maak van die veldtogte wat hulle in die 1980's gelei het.
- Om hul bekommernisse te lys sodat lede en die publiek moet weet waarvoor hulle staan.
- Om die publiek hul eise te wys, en daardeur hulle te probeer aanmoedig om by die veldtog aan te sluit.
- Om te wys dat werkers/verskillende unies verenig staan onder COSATU/solidariteit/krag in die geveg vir werkersregte  
(Enige ander relevante antwoord.) (enige 2 x 2) (4)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Dat hulle, as vakbond die mag/amandla het om verandering aan arbeid en Suid-Afrikaanse politiek aan te bring.
- Om eenheid tussen verskillende politieke en arbeidsorganisasies aan te moedig.
- Om die krag van vakbonde te wys om te veg vir beter lewens- en werksomstandighede.
- Gebalde vuiste is gebruik as 'n simbool teen die ongeregtighede van apartheid in die arbeidsmag  
(Enige ander relevante antwoord.) (enige 2 x 2) (4)

1.4 *[Vergelyking van inligting uit Bronne 1B en 1C – V3]*

- Bron 1B meld dat werkers ontevrede was met oorvol huise en in Bron 1C word eise gestel vir ordentlike huise/ Beide bronne toon dat werkers te kampe het met oorbevolking of behuisingsuitdagings.
- Die spreker in bron 1B sê dat lone laag is en die plakkaat in 1C maak 'n eis vir 'n lewensvatbare loon/ Beide bronne wys werkers het swak of lae lone ontvang.
- Bron 1B verwys na werkers wat probleme in die fabriek ervaar en Bron 1C lys 'n verskeidenheid probleme waarmee werkers in die fabriek te kampe het/ Beide bronne toon dat werkers 'n verskeidenheid probleme in die fabriek ervaar het.  
(Enige ander relevante antwoord.) (enige 2 x 2) (4)

1.5 1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- United Workers' Union of South Africa/UWUSA (1 x 1) (1)

1.5.2 *[Definisie van 'n historiese konsep in Bron 1D – V2]*

- Toe die apartheidsregering mag gehad het om ontoelaatbare beleid te maak vir die beskerming van die regering en die onderdrukking van swart Suid-Afrikaners.
- Wette om enige betogings/byeenkoms/regte van werkers op te skort.

- Hierdie wette was bedoel om swart werkers te onderdruk.
- Unie-aktiwiteit is onwettig gemaak.  
(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

1.5.3 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]

- Jay Naidoo (1 x 1) (1)

1.5.4 [Interpretasie van inligting uit Bron 1D – V2]

- Hulle wou al die aktiwiteite van COSATU sien/ rekord hou van mense wat in en uit COSATU-kantore gaan.
- Sodat die veiligheidsmagte hul aktiwiteite kan onderdruk.
- Om die pogings van die Unies te demp/ die vakbond dreig/ vrees by die vakbonde inboesem
- Om die noodtoestand af te dwing  
(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

1.5.5 [Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]

- Besigheid het verkies om met georganiseerde vakbondverteenvoerders te onderhandel.
- Besigheid was teen die arrestasie van vakbondleiers.
- Besigheid was ongemaklik om met gewone mense/lede te onderhandel.  
(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

1.6 [Interpretasie, evaluering en sintese uit relevante bronne – V3]

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Vakbonde het bymekaar gekom om teen onregverdiges apartheidswette te verenig (Bron 1A)
- Vakbonde het by politieke stryde betrokke geraak (Bron 1A, Bron 1C)
- Sommige vakbonde soos FOSATU het net op arbeidskwessies gekonsentreer (Bron 1A)
- Vakbondbewegings het verblyf en werkstilstande georganiseer as 'n manier om die regering hul griewe te wys (Bron 1A, Bron 1D)
- Vakbonde ondersteun studentegriewe (Bron 1A)
- Hulle het saam met die UDF gewerk om apartheidswette te weerstaan (Bron 1A)
- Hulle het stakings en wegblyaksies georganiseer (Bron 1A)
- Vakbondbeweging het geveg dat Meidag erken word as 'n Werkersdag (Bron 1A, Bron 1D)
- Vakbonde het staatsonderdrukking soos aanhouding, moord, skietery en verbanning en baie beperkings in die gesig gestaar (Bronne 1A, 1B, 1D)
- Individuele vakbonde het mekaar se denkrigtings ondersteun soos FOSATU wat die FCWU ondersteun het
- Vakbonde het ook geveg vir werksekerheid en beter werksomstandighede (Bron 1B en 1C)

- Werkers het te kampe gehad met die probleem van swak lone wat hul finansiële status beïnvloed het en veldtogte is onderneem om 'n lewensvatbare loon te eis (Bron 1B en 1C)
- Soms het vakbonde oor verskillende beginsels vasgesit (Bron 1D)
- Lede het weerwraak geneem/betoo toe hul leiers gearrester is (Bron 1D) (Enige ander relevante antwoord.)

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. toon geen of min begrip om te verduidelik <b>hoe die vakbonde apartheidswette in die 1980's uitgedaag het nie.</b></li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie.</li> </ul>	<b>PUNTE 0 – 2</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. toon 'n mate van begrip deur te verduidelik <b>hoe die vakbonde apartheidswette in die 1980's uitgedaag het.</b></li> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf.</li> </ul>	<b>PUNTE 3 – 5</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse, bv. demonstreer 'n deeglike begrip in die verduideliking van <b>hoe die vakbonde apartheidswette in die 1980's uitgedaag het.</b></li> <li>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon.</li> </ul>	<b>PUNTE 6 – 8</b>

(8)  
[50]

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD OP POLITIEKE AKTIVISTE SOOS DIE COSAS 4 HANTEER?**

2.1 2.1.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]

- “die land se oorgang van onderdrukkende heerskappy na demokrasie in 1994.” (1 x 2) (2)

2.1.2 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]

- Om straffeloosheid (vrystelling van straf) te bekamp
- Om 'n kultuur van aanspreeklikheid (verantwoordelikheid) te herskep
- Om die waarheid oor growwe menseregteskendings te ontbloot
- Om die families van die slagoffers te help om afsluiting (genesing) te kry (enige 3 x 1) (3)

2.1.3 [Definisie van 'n historiese konsep in Bron 2A – V2]

- 'n Amptelike kwytskelding/vergifnis vir mense wat tydens apartheid/1960 – 1994 politieke oortredings/gruweldade gepleeg het.
  - 'n Uitsluiting van vervolging vir oortreders van politieke misdade (op voorwaarde dat hulle die hele waarheid openbaar en politieke motief bewys).
- (Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]

- Apartheidstaat
- Bevrydingsbewegings
- Lede en leiers van groepe soos die ANC, IVP en PAC (enige 2 x 1) (2)

2.1.5 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]

- 'n Belangrike kenmerk van die WVK was sy openheid en deursigtigheid.
  - Die WVK het verseker dat Suid-Afrikaners bewus gemaak is van die gruweldade wat gedurende die apartheidjare aan beide kante van die politieke spektrum gepleeg is.
  - WVK-leiers het hulle oorreed om aan die amnestieproses deel te neem.
  - Omdat die ANC, IVP en PAC ook lede verloor het terwyl hulle in ballingskap was
  - Hulle wou bewys dat hul optrede polities gemotiveer is
- (Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

2.2 2.2.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]

- Diegene wat verantwoordelik was vir die dood van drie van die COSAS 4 wat in Februarie 1982, meer as 40 jaar gelede, deur die Veiligheidstak vermoor is, uiteindelik vervolg sal word. (1 x 1) (1)

2.2.2 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]

- Joe Mamasela/Mamasela
- Thlmedi Ephraim Mfalapitsa/Mfalapitsa (2 x 1) (2)

2.2.3 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]

- Hulle wou nie hulself impliseer nie.
- Hulle het nie gedink dat die lyke gevind sou word nie.
- Om die nadoodse ondersoek van liggame te voorkom wat 'n ander verskillende gevolgtrekking/openbarende/ware doodsoorsaak kon lewer.

- Die oorsaak van dood sou dan gebruik word vir verdere ondersoek na die vervolging van diegene wat verantwoordelik was vir die moorde op die oorledenes.  
(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

2.2.4 [Verduideliking van 'n historiese konsep in eie woorde uit Bron 2B – V1]

- Die herstel van vriendskaplike verhoudings.
- 'n Daad van vrede maak tussen voormalige vyande.
- Streef na eenheid tussen swart en wit/oortreder en slagoffer  
(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

2.2.5 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]

- Het nie die volle waarheid vertel nie/Gelig oor hoe die drie lede van COSAS 4 gesterf het
- Het die moord toegesmeer
- Kon nie politieke motief bewys nie (enige 1 x 2) (2)

2.3 2.3.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]

- Eustice “Bimbo” Madikela/Madikela
- Ntshingo Mataboge/Mataboge
- Fanyana Nhlapo/Nhlapo
- Zandisile Musi/Musi (enige 2 x 1) (2)

2.3.2 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]

- Om die skuld van homself af te weer.
- Hy het nie beveel dat hulle doodgemaak word nie, daarom kon hy nie verantwoordelik gehou word nie.  
(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

2.3.3 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]

- Om voorsiening te maak vir forensiese toetse wat tot die vervolging van moordenaars sou lei.
- Om nadoodse resultate te verkry sodat families berusting kan vind.
- Omdat die lyke vinnig begrawe is om seker te maak dat niemand met hulle op 'n manier, wat die askaris sou impliseer, peuter nie.  
(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

2.3.4 [Bepaling van die bruikbaarheid van bewyse uit Bron 2C – V3]

**Die bron is NUTTIG/BRUIKBAAR omdat:**

- Dit bewyse bevat van 'n WVK-verhoor wat in Mei 1999 gehou is oor die moorde op die COSAS 4.

- Dit is 'n getuienis van Coetzee tydens die Amnestie-verhore waar hy erken het dat hy nie 'n wettige opdrag gegee het om die lede van die COSAS 4 te laat vermoor nie.
  - Die verhoor het in Mei 1999 plaasgevind, die presiese datum waarop die amnestieverhore gehou is.
  - Die bron gee insig oor wie by die moord op die COSAS 4 betrokke was, naamlik Coetzee en Mfalapitsa.
  - Die bron gee die name van die 3 lede wat vermoor is, naamlik Eustice "Bimbo" Madikela, Ntshingo Mataboge en Fanyana Nhlapo.
- (Enige ander relevante antwoord.) (enige 2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Om aan te dui dat die saak van die COSAS 4 uiteindelik hof toe gegaan het.
  - Die familie en vriende van die COSAS 4 kan uiteindelik geregtigheid soek.
  - Om die publiek te wys wie die oortreders was.
  - Om te wys dat die NVG optree in uitstaande WVK-sake.
  - Om te wys dat familielede na 40 jaar steeds afsluiting kan vind.
- (Enige ander relevante antwoord.) (enige 2 x 2) (4)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- 40 jaar later is sommige familielede oorlede.
  - Die persoon op die foto (Mfalapitsa) is een van twee oorlewende oortreders.
  - Sommige familielede het dalk vrede gemaak met wat gebeur het.
  - Nie meer so hoëprofiel saak nie
- (Enige ander relevante antwoord.) (enige 2 x 2) (4)

2.5 *[Vergelyking van bewyse in Bronne 2C en 2D – V3]*

- Bron 2C meld dat families geweet het wie die polisiemanne/moordenaars was en Bron 2D wys die foto van die voormalige askari/polisiemanne, Thlamedi Ephraim Mfalapitsa wat in die hof verskyn vir die moord op die drie COSAS 4-lede.
  - Bron 2C meld dat families 'n aansoek by die Krugersdorp-landdroshof ingedien het om liggamme van hul geliefdes te laat opgrawe vir moontlike latere vervolging van die moordenaars en Bron 2D wys familielede wat 'n verhoor na die moord op die lede van COSAS 4 in die Krugersdorp-landdroshof bywoon.
  - Bron 2C meld dat Mfalapitsa by die WVK aansoek gedoen het om amnestie en dat dit geweier is en Bron 2D wys Mfalapitsa wat voor die Krugersdorp-landdroshof verskyn het in verband met die moord op die COSAS 4.
- (Enige ander relevante antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:



- Die WVK is gestig om menseregteskendings te ondersoek wat gedurende die tydperk tussen 1 Maart 1960 en 10 Mei 1994 gepleeg is (Bron 2A)
  - Die WVK het openbare verhore gehou waar beide slagoffers en oortreders van polities gemotiveerde misdade 'n kans gehad het om hul stories te vertel, om versoening te fasiliteer (Bron 2A)
  - Die WVK het marteling, moorde, verdwynings, ontvoerings en erge mishandeling as van die menseregtevergrype geïdentifiseer (Bron 2A)
  - Die WVK het ook bevrydingsbewegings geïdentifiseer om getuienis te lewer oor hul betrokkenheid by menseregtevergrype (Bron 2A)
  - Carel Coetzee, Willem Frederick Schoon, Abraham Grobbelaar, Christiaan Siebert Rorich en Mfalapitsa het almal aansoek gedoen om amnestie vir hul betrokkenheid by die moord op die COSAS 4 (Bron 2B)
  - Die WVK het nie amnestie vir die moord op die COSAS 4 aan hulle toegestaan nie (Bron 2B)
  - Brigadier Clifty Marion was instrumenteel in die WVK wat nie amnestie toegestaan het op die veronderstelling dat hulle nie die waarheid gepraat nie (Bron 2B)
  - Familielede was bly dat amnestie geweier is en die saak is na die NVG verwys vir verdere ondersoek en vervolging (Bron 2B)
  - Senior regeringsamptenare het op die NVG geleun en die vervolging van al 300 WVK-sake met geweld onderdruk (Bron 2C)
  - Families van die COSAS 4 is steeds nie tevrede met die proses nie, aangesien Coetzee steeds nie die waarheid vertel het oor wat met die COSAS 4 gebeur het nie (Bron 2C)
  - Polisie het vir die WVK gelieg dat die COSAS 4 "hulleself opgeblaas het" (Bron 2C)
  - Families wou hê dat die liggame opgegrawe moet word vir verdere ondersoek om by die waarheid uit te kom vir afsluiting (Bron 2C)
  - Gesinne wou vergeldende geregtigheid hê aangesien hulle gevoel het die polisie was harteloos teenoor hulle met voortdurende leuens (Eie kennis)
  - Die WVK het die saak na die NVG verwys vir verdere ondersoek nadat meer menseregtevergrype ontbloot is (Bron 2C)
  - Die NVG is in die proses om oortreders te vervolg vir die moord op die COSAS 4 (Bron 2D)
  - Ander oortreders is intussen dood (Eie kennis)
  - Slegs Mfalapitsa en Rorich, leef. Mfalapitsa verskyn steeds voor die NVG in verband met die moorde (Bronne 2C en 2D)
  - Gevolglik sal die volle waarheid nooit in die saak vasgestel word nie (Eie kennis)
- (Enige ander relevante antwoord.)

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse bv. toon geen of min begrip van <b>hoe die WVK die moord op politieke aktiviste soos die COSAS 4 hanteer het.</b></li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie.</li> </ul>	<b>PUNTE</b> <b>0 – 2</b>
---------------	---	------------------------------

<b>VLAKE 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. toon 'n begrip van <b>hoe die WVK die moord op politieke aktiviste soos die COSAS 4 hanteer het.</b></li> <li>Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf.</li> </ul>	<b>PUNTE 3 – 5</b>
<b>VLAKE 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gebruik relevante bewyse, bv. demonstreer 'n deeglike begrip van <b>hoe die WVK die moord op politieke aktiviste soos die COSAS 4 hanteer het.</b></li> <li>Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon.</li> </ul>	<b>PUNTE 6 – 8</b>

(8)  
[50]**VRAAG 3: HOE HET SUID-AFRIKA SE LIDMAATSKAP VAN BRICS DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE BEÏNVLOED?**

## 3.1.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]

- Brasilië
- Rusland
- Indië
- China
- Suid-Afrika (enige 3 x 1) (3)

## 3.1.2 [Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]

- Jim O'Neill (1 x 2) (2)

## 3.1.3 [Definisie van 'n historiese konsep in Bron 3A – V1]

- 'n Siekte wat oor 'n hele land of die wêreld voorkom.
  - Uitbreking van 'n siekte oor die hele wêreld/oor 'n wye geografiese gebied
  - 'n Hoogs aansteeklike siekte wat deur 'n virus versprei word, wat mense regoor die wêreld raak soos COVID-19.
- (Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

## 3.1.4 [Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]

- Die Oekraïne-krisis het gelei tot 'n styging in voedselpryse.
  - Styging in brandstof/petrolpryse.
  - Uiterste prysskokke en ontwrigting van die voorsieningsketting vir koring en sonneblomolie.
  - Kookoliepryse het gestyg.
  - Eskom vind dit moeilik om diesel te beveilig om turbines te verbrand weens die krisis.
  - Het gelei tot werkloosheid en laer BBP.
  - Verhoogde inflasie.
- (Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

## 3.1.5 [Interpretasie van inligting uit Bron 3A – V2]

- Dit sal 'n platform bied vir ontwikkelende lande om hul bekommernisse uit te spreek.
  - Dit sal 'n stem verskaf in wêreldtransformasie rakende die globale ekonomiese stelsel/om Westerse moondhede te keer om die globale ekonomie te monopoliseer.
  - Stel ontwikkelende lande in staat om groter seggenskap te hê in besluite rakende hul lot (bv. besluite oor energiebronne).
  - Sodat BRICS gesien kan word as mededingende speler (ernstig opgeneem) in die globale ekonomie.
- (Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

## 3.2 3.2.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]

- Suid-Afrika (1 x 1) (1)

## 3.2.2 [Verduideliking van konsep uit Bron 3B –V2]

- 'n Vergadering tussen staatshoofde van lande wat aan BRICS behoort/Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika
- (Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

## 3.2.3 [Interpretasie van inligting uit Bron 3B –V2]

- Verhoogde toegang tot mekaar se markte laat lede toe om maklik met mekaar handel te dryf
  - Lede kan in mekaar se ekonomieë belê
  - Vennootskap skep 'n besigheidsvriendelike omgewing vir beleggers in BRICS-lande
- (Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

## 3.2.4 [Interpretasie van inligting uit Bron 3B – V2]

- Lidmaatskap verbeter mededingendheid met ander lande
  - Verbeter SA se handel met ander lande
  - Lei tot ekonomiese groei
  - Verhoog belegging in infrastruktuur
- (Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

## 3.2.5 [Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]

- Nuwe Ontwikkelingsbank (1 x 2) (2)

## 3.3 3.3.1 [Interpretasie van inligting uit Bron 3C – V2]

- Die BRICS-ontwikkelingsbank maak deure oop na ontluikende ekonomieë om toegang tot fondse (geld binne die mure) vir infrastruktuurontwikkeling te verkry.
  - Die Ontwikkelingsbank sal ontwikkelende lande help om infrastruktuurprobleme (bou muur met baksteen en mortel/sement) te oorkom om volhoubare ontwikkeling moontlik te maak.
  - Die Nuwe Ontwikkelingsbank sal fokus op infrastruktuurkonstruksie wat ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling in ontluikende ekonomieë belemmer het.
  - Die infrastruktuurprojekte wat die bank befonds het, sal dan werk skep in die konstruksiesektor (boubedryf).
  - Die Ontwikkelingsbank sal ook fondse voorsien om die bevolking op te voed (trollie vol boeke) om hulle voor te berei vir werk in die vervaardigingsektor.
- (Enige ander relevante antwoord.) (enige 2 x 2) (4)

### 3.3.2 [Interpretasie van inligting uit Bron 3C – V2]

- Verskaf lenings/befondsing vir ontluikende ekonomieë.
  - Voorsien kapitaal vir belegging in arm lande.
  - Befonds infrastruktuurontwikkeling in ontluikende ekonomieë.
  - Beoog om die lewens van mense in armer lande te verbeter.
  - Sal werk skep in die konstruksiesektor vir werkloses in hierdie lande.
  - Sal werk skep in die vervaardigingsektor.
- (Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

### 3 3.3 [Verduideliking van beperkings uit Bron 3C – V3]

- Die bron is eensydig van 'n Chinese koerant en China is 'n vennoot in BRICS.
  - Dit is eensydig ter ondersteuning van die doelwitte van die bank vir sy lede.
  - Die bron beklemtoon nie ander infrastruktuurprojekte soos die Medupi-termiese kragentrale en Suid-Afrika se Lesotho Hoogland-waterprojekte om die lewenstandaard te verbeter nie.
  - Terugbetalingsplanne van lenings wat vir infrastruktuurontwikkeling verskaf word, word nie in die bron genoem nie.
  - Die bron spesifiseer nie vir watter ander projekte (behalwe infrastruktuur en onderwys) die geld bedoel is nie.
- (Enige ander relevante antwoord.) (enige 2 x 2) (4)

### 3.4 [Vergelyking van bewyse uit Bron 3B en 3C om vas te stel hoe bronne mekaar ondersteun – V3]

- Bron 3B meld dat BRICS-lidlande, bv. Suid-Afrika, 5,4 miljard dollar van die Nuwe Ontwikkelingsbank ontvang het en Bron 3C wys hoe die BRICS-ontwikkelingsbank fondse verskaf wat daarop gemik is om armoede in ontluikende ekonomieë te verlig.

- Bron 3B meld dat BRICS-ontwikkelingsbank fondse verskaf wat daarop gemik is om infrastruktuur te verbeter en Bron 3C beeld uit hoe die bank fondse beskikbaar stel vir infrastruktuurontwikkeling.  
(Enige ander relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

3.5 3.5.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]

- BRICS kan Suid-Afrika se binnelandse ekonomie erodeer.
- Produkte van BRICS-lande kompeteer direk met dié van Suid-Afrika.
- BRICS en geïndustrialiseerde lande teiken Afrika se hulpbronne wat 'n direkte bedreiging vir SA se ekonomie inhou. (enige 1 x 1) (1)

3.5.2 [Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]

- Stowe
- Yskaste
- Treine (enige 1 x 1) (1)

3.5.3 [Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]

- Strukturele struikelblokke
- Swak ekonomiese en politieke beleid
- Verbeeldinglose leierskap (enige 2 x 1) (2)

3.5.4 [Interpretasie van inligting uit Bron 3D – V2]

- BRICS-lande voer reeds hul vervaardigde goedere na Afrika uit en neem sodoende SA se ideale mark.
- Die vervaardigingsbedryf in Suid-Afrika is aan die afneem, gevolglik het sekere vervaardigingsgebiede soos die Oos-Rand verlate geraak.
- Werkloosheid het toegeneem namate vervaardigingsaanlegte gesluit het.
- Werkskepping het afgeneem.
- Hoë tariewe maak dit moeilik vir Suid-Afrikaanse vervaardigde goedere om BRICS-markte te betree.  
(Enige ander relevante antwoord.) (enige 2 x 2) (4)

3.6 [Interpretasie, evaluering en sintese uit relevante bronne – V3]

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- BRICS het sosio-ekonomiese herstel van die pandemie verskaf (Bron 3A)
- BRICS het veerkragtige en selfversorgende voorsieningskettings vir Suid-Afrikaanse produkte gebou (Bron 3A)
- Die Oekraïne-krisis het gelei tot hoë voedsel- en brandstofpryse en 'n skerp toename in inflasie (Bron 3A)

- Die Suid-Afrikaanse ekonomie trek voordeel uit verhoogde handel met ander BRICS-lande wat 'n positiewe impak op die armes gehad het (Bron 3B)
  - BRICS bevorder belegging vir infrastruktuurontwikkeling (Bron 3B)
  - Invoer en uitvoer tussen lidlande verbeter ekonomiese groei (Bron 3B)
  - BRICS bied geleenthede in terme van voedselsekerheid, volhoubare ontwikkeling en tegnologiese samewerking (Eie kennis)
  - Skep 'n besigheidsvriendelike omgewing vir belegging in Suid-Afrika (Bron 3B)
  - Die Nuwe Ontwikkelingsbank maak deure oop vir toegang tot fondse vir volhoubare infrastruktuurontwikkeling (Bron 3C)
  - Die Ontwikkelingsbank verskaf fondse/lenings om armoede te verlig. (Bron 3C en eie kennis)
  - BRICS kan Suid-Afrika se binnelandse ekonomie erodeer (wegvreet). (Bron 3D)
  - BRICS-lande teiken Afrika se hulpbronne en daardeur bedreig hulle Suid-Afrika se ekonomie.
  - BRICS voer vervaardigde goedere uit na Afrika wat Suid-Afrika se ideale mark is. (Bron 3D)
  - Rentekoerse wat Suid-Afrika vir lenings aan die bank moet betaal is hoog. (Eie kennis)
  - Hoë tariewe maak dit moeilik vir Suid-Afrikaanse goedere om BRICS-markte te betree. (Eie kennis)
- (Enige ander relevante antwoord.)

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

<b>VLAKE 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. toon min begrip van <b>hoe Suid-Afrika se lidmaatskap van BRICS die Suid-Afrikaanse ekonomie beïnvloed het.</b></li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie.</li> </ul>	<b>PUNTE 0 – 2</b>
<b>VLAKE 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. toon 'n mate van begrip oor <b>hoe Suid-Afrika se lidmaatskap van BRICS die Suid-Afrikaanse ekonomie beïnvloed het.</b></li> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf.</li> </ul>	<b>PUNTE 3 – 4</b>
<b>VLAKE 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse, bv. toon 'n deeglike begrip van <b>hoe Suid-Afrika se lidmaatskap van BRICS die Suid-Afrikaanse ekonomie beïnvloed het.</b></li> <li>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon.</li> </ul>	<b>PUNTE 5 – 8</b>

(8)  
[50]

**AFDELING B: OPSTELVRAE****VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet krities bespreek hoe Steve Biko en die filosofie van Swartbewussyn swart mense in Suid-Afrika bemagtig het om in die 1970's teen apartheid op te staan.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul opstelle insluit:

**Inleiding:** Kandidate moet krities bespreek hoe Steve Biko en die filosofie van Swartbewussyn swart mense in Suid-Afrika bemagtig het om in die 1970's teen apartheid op te staan. Hulle moet ook aandui hoe hulle hul argument sal ondersteun.

**UITBREIDING**

- Agtergrond oor politieke vakuum wat geskep is deur ANC- en PAC-leierskap wat verban is en in ballingskap is
- Bemagtiging van swartes vir selfverwesenliking
- Om hulself te aanvaar/selfvertroue/selfstandigheid/gevoel van identiteit te hê
- Swartes bemagtig om die gees van selfbejammering te verwerp; minderwaardigheidskompleks; selfvervreemding en oorheersing deur eksterne kragte.

**Politieke bemagtiging**

- Swart studente het hulself begin organiseer om wit oorheersing te weerstaan deur weg te breek van NUSAS en het SASO gestig (1968).
- Swart studente het die filosofie van Swartbewussyn aangeneem (Rol van Biko/SASO).
- SASO was vir universiteitstudente en SASM vir skole.
- SB het gelei tot die stigting van die Black People's Convention (BPC) in 1972 wat studente, kerke, gemeenskappe en vakbonde betrek het.
- Vakbonde in lyn met die SB-filosofie het Black Parents' Association en Black Allied Workers Union (BAWU) ingesluit.
- Suid-Afrikaanse Studentebeweging (SASM) wat in 1972 gestig is wat Swartes blootgestel het aan die ideale van SB.
- SBB en SASO het FRELIMO-byeenkomste georganiseer (1974).
- Die arrestasies van SB-leiers het politieke aktivisme verhoog.



### Studentebemagtiging

- Bantoe-onderwys het Afrikaans as onderrigmedium in skole ingestel (1975).
- SASO en SASM het die vorming van Soweto Studente Verteenwoordigende Raad (SSVR) beïnvloed.
- Beide swart onderwysers en studente het Afrikaans – as die taal van die onderdrukker – verwerp.
- Sommige onderwysers en leerders is reeds blootgestel aan die idees van Biko en die SB-filosofie deur SASO-studenteonderwysers van universiteite.
- Die departementele omsendbrief oor Afrikaans (50/50) was die sneller vir die Soweto-opstande.  
Op 16 Junie 1976 het studente vreedsaam betoog teen die implementering van die omsendbrief.
- Polisie het reageer op die studentebetogings (Hector Petersen, 'n 13-jarige seun was een van die eerste slagoffers van hierdie opstand.)

### Bemagtiging deur gemeenskapsprogramme

- Biko se verbanning (regeringsreaksie) na King Williams Town het gelei tot verskuifde fokus na gemeenskapsprogramme. Dr Mamphela Ramphele is verban.
- SB het onafhanklikheid van blankes deur Swart Gemeenskapsprojekte bevorder Programme om swartes sonder wit bystand te ondersteun. (Zanempilo Gesondheidsentrum/Ginsburg Opvoedkundige Trust/Zimele Trustfonds/ Solempilo Gemeenskapsgesondheidsentrum/Njwaqa Leerwerke, Mhloti Swartteater/Ithuseng Gemeenskapsgesondheidsprogram en Winterskoolprojekte)

### Bemagtiging deur arbeid

- Werkers is gemobiliseer om vakbonde te stig.
- SB het gelei tot die stigting van die Black Allied Workers Union (BAWU) – werkerstaking in Durban in 1973).

### Bemagtiging deur media

- Rol van media wat die SB-filosofie simpatiek was, bv. *The World* koerant.
- Regering verban alle media wat in lyn was of SB bemark het.  
(Enige ander relevante antwoord.)

### Regering se reaksie

- Al 17 organisasies met SB verbind, is verban
- Biko is in 1977 tydens polisieaanhouding vermoor
- Die regering het meer onderdrukkende wette ingestel

**Gevolgtrekking:** Kandidate moet hul argumente met 'n relevante gevolgtrekking opsom.

[50]

## VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]*

### SINOPSIS

Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie saamstem met die stelling dat die oorgang na demokrasie in Suid-Afrika in die 1990's nie maklik was nie. Hulle moet die onderhandelingsproses en uitdagings van 1990 – 1994 uiteensit. As hulle nie met die stelling saamstem nie, moet hulle hul argument met relevante historiese bewyse staaf.

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

**Inleiding:** Kandidate moet 'n standpunt inneem en verduidelik hoekom die oorskakeling na demokrasie in Suid-Afrika in die 1990's nie 'n maklike proses was nie.

### UITBREIDING

- FW De Klerk kom in 1989 aan bewind
- Mandela is uit die tronk vrygelaat
- Ontbanning van die politieke en burgerlike organisasies
- Groote Schuur Minute (Gesprekke tussen ANC en NP)
- Geweld in die Vaaldriehoek
- Pretoria Minuut
- Vergadering van politieke partye – KODESA 1 (20 Desember 1991)
- Verklaring van voorneme
- Voortdurende geweld op pendeltreine aan die Rand
- Slegs Blankes-referendum (1992)
- KODESA 2 (2 Mei 1992) en uitdagings van meerderheidsregering vs magsdeling
- Boipatong-slagting en die gevolge daarvan (17 Junie 1992)-geweld
- Rollende massa-optrede deur anti-apartheidsorganisasies om De Klerk se regering te dwing om met integriteit regdeur die land te onderhandel
- Bhisho-slagting (Gqozo) en die uitwerking daarvan op die proses van onderhandelinge (7 September 1992)-geweld bemoeilik onderhandelings
- Rekord van begrip – Meyer en Ramaphosa
- 1993 Veelparty-onderhandelingsforum – Regse aanval van die Wêreldhandel-sentrum
- Sonsondergangklousule voorgestel deur Slovo
- Sluipmoord op Chris Hanu (10 April 1993) en die impak op Suid-Afrika
- Geweld deur bevrydingsbewegings APLA (Heidelberg, St James Kerk, Amy Biehl) Geweld het die oorgang na demokrasie nie maklik gemaak nie
- Datum vir die eerste demokratiese verkiesings vasgestel
- Verkiesings op 27 April 1994 en uitslae.
- Geweld in Bophuthatswana op die vooraand van verkiesings het oorgang na demokrasie bemoeilik
- Bombardering van lughawe
- Shell House-slagting
- Mandela verkies as die eerste swart president van 'n demokratiese Suid-Afrika

- Regering van Nasionale Eenheid gestig  
(Enige ander relevante antwoord.)

**Gevolgtrekking:** Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking verbind.

[50]

**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE:  
DIE GEBEURE VAN 1989**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]*

**SINOPSIS:** Kandidate moet verduidelik in watter mate Mikhail Gorbachev se beleid van perestroika en glasnost verantwoordelik was vir die politieke veranderinge wat in die 1990's in Suid-Afrika plaasgevind het. Hulle moet verduidelik hoe Gorbachev se beleid die weg gebaan het vir die Nasionale Party en die African National Congress om samesprekings te begin. Hulle moet verwys na die relevante gebeure wat die politieke landskap in Suid-Afrika tussen 1989 en 1990 getransformeer het.

**HOOFASPEKTE:** Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- **Inleiding:** Kandidate moet 'n standpunt inneem en aandui tot watter mate Gorbachev se beleid van perestroika en glasnost verantwoordelik was vir die politieke veranderinge wat in die 1990's in Suid-Afrika plaasgevind het. Hulle moet hul argument met relevante bewyse ondersteun.

**UITBREIDING**

- Gorbachev wou die Sowjet-ekonomie (perestroika) moderniseer, 'openheid' (glasnost) toelaat – kortliks.
- Hierdie hervormings sal 'n diepgaande uitwerking op die Sowjetunie, Oos-Europa en Suid-Afrika hê.
- Baie kommunistiese regimes in Oos-Europese lande is in 1989 omvergewerp as gevolg van Gorbachev se hervorming.
- Die val van die Berlynse Muur in November 1989.
- Die Sowjetunie disintegreer.
- Kommunisme is nie meer as 'n 'globale bedreiging' gesien nie.
- Die ineenstorting van die Sowjetunie het ook Suid-Afrika geraak.
- Die apartheidsregime kon nie meer kommunisme gebruik om sy beleid van apartheid te regverdig nie.
- Die Nasionale Party se bewering dat hy Suid-Afrika teen 'n kommunistiese aanslag beskerm, het onrealisties geword.
- Die Nasionale Party se bewering dat hy die Kaapse seeroete teen 'n kommunistiese oorname beskerm, was nie meer aanneemlik nie.
- Nadat die ANC vir so lank verbied was (30 jaar), het die NP geglo dat die ANC dit moeilik sou vind om van 'n bevrydingsbeweging na 'n politieke party oor te skakel.
- Die NP het die ANC as swak beskou en gedink hulle kon hulle manipuleer.
- Die NP het geglo hulle kon die tempo van verandering beheer.
- Die VSA en sy bondgenote kon nie meer voortgaan om die onderdrukkende apartheidsregime te ondersteun nie.

- Die ineenstorting van die USSR het ook die ANC beïnvloed om sy standpunt teen die leiers van die apartheidsregime te verander.
- Die Sowjetunie kon nie meer die ANC ekonomies en militêr ondersteun nie.
- In die lig hiervan moes die ANC sy ekonomiese en politieke beleid hersien.
- Hulle het wegbeweeg van Nasionalisering en wou 'n gemengde ekonomie kies.
- Hulle het gewapende stryd laat vaar.
- Hulle het erkenning van Westerse moondhede gesoek.
- Hulle het ondersteuning van die Weste gesoek.
- MK is deur die VSA uit Angola na Uganda gevlieg.
- Die ineenstorting van die Sowjetunie het druk op beide die Nasionale Party en die ANC geplaas om met onderhandelinge te begin.
- Eksterne steun vir beide die Nasionale Party en die ANC was besig om te vervaag en onderhandelinge was die beste opsie vir beide kante.
- Die nederlaag van die SAW in die Slag van Cuito Cuanavale het daartoe gelei dat die Nasionale Party met kommuniste begin onderhandel het oor die onafhanklikheid van Namibië.
- Kuba het uit Angola onttrek, SAW het uit Namibië onttrek.
- Aangesien die Nasionale Party met kommuniste in Namibië kon onderhandel, was dit vir hulle makliker gemaak om met die ANC te praat.
- Die vreedsame Namibiese oorgang het De Klerk oortuig dat onderhandelinge nie 'n selfmoordstrategie sou wees nie.
- Die Westerse wêreld het 'n onderhandelde skikking in Suid-Afrika ondersteun sodat sy uitdagings vreedsaam en demokraties opgelos kan word.
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party-regering nie wit oppergesag vir onbepaalde tyd kan handhaaf nie.
- Die voortgesette onderdrukking van swart Suid-Afrikaners sou uiteindelik tot politieke onstabiliteit en ekonomiese ondergang lei.
- Teen die laat 1980's was die Suid-Afrikaanse ekonomie in 'n toestand van depressie en die NP het geen ander keuse gehad as om 'n proses van onderhandeling met die ANC te begin nie.
- Sakelui het vir hervorming gevra, interne onrus het toegeneem en 'n finansiële krisis het die ekonomie in SA laat intuïmel.
- PW Botha het 'n beroerte gehad en is opgevolg deur FW de Klerk.
- FW de Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid nie 'n sameswering was wat vanuit Moskou gerig is nie.
- Hy het erken dat die val van kommunisme die *'aap van sy rug afgehaal het'*.
- Dat hy dwaas sou wees om nie die geleentheid te benut wat die val van kommunisme geskep het nie.
- Dit het De Klerk in staat gestel om met die bevrydingsorganisasies in gesprek te tree om 'n blywende oplossing vir Suid-Afrika te vind.
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk die ontbanning van alle anti-apartheidsorganisasies aangekondig wat die ANC, PAC en SAKP ingesluit het en die vrylating van politieke gevangenes wat die weg kon baan vir samesprekings en die geboorte van 'n demokratiese Suid-Afrika.

(Enige ander relevante antwoord.)

**Gevolgtrekking:** Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking afsluit. [50]

**TOTAAL: 150**